

VERSAMELSTUK



'n Tafelkleed vir elke geleentheid

BENODIGDHEDE: Omega Nr. 5 (50-g-bolle); ongeveer 15 bolle; hekelpen van 2 mm.

MATE: 1 motief is ongeveer 9 cm breed; die volledige tafeldoek is ongeveer 140 x 140 cm groot.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; gs - glipsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; herh - herhaal; sp(s) - spatie (spasies); vlg - volgende.

Let Wel: Elke rondte sluit met 'n glipsteek en 3 kettingsteke vervang altyd die eerste langbeen van 'n rondte.

MOTIEF: Begin met 6ks en verbind met gs om 'n ring te vorm.

1e rondte: 12kb in ring.

2e rondte: (1kb, 3ks, slaan 1kb oor) 6 keer.

3e rondte: 6lb in elke 3ks-sp.

4e rondte: gs oor eerste lb, *1lb in elk van vlg 3lb, 5ks, slaan vlg 3lb oor; herh vanaf * rondom.

5e rondte: *2lb in eerste lb, 1lb in elk van vlg 3lb, 2lb in laaste lb, 3ks, gs in middel van 5ks-sp, 3ks; herh vanaf * rondom.

6e rondte: *7lb in 5lb, 5ks; herh vanaf * rondom.

7e rondte: *9lb in 7lb, 3ks, gs in middel van 5ks-sp, 3ks gs in dieselfde gs in middel, 3ks; herh vanaf * rondom.

Knip garing af en werk netjies af.

Hekel soveel motiewe soos benodig en hekel hulle by die bopunte van die 9lb aan mekaar vas.

